



TJOKKIE

brokkies!



Uitgawe 7 | 3 | 2020

2 Okt 2020

Uit die Kantoor ...

Ek vertrou dat almal die langnaweek geniet het en dat daar lekker as familie op Erfenisdag gekuier is. Daar is slegs 'n paar dae oor van hierdie kwartaal en die onderwysers werk hard om die leerders gereed te kry vir die toetsweek wat op 15 Oktober begin.

KEUSES

Ek het hierdie waardevolle stukkie op die internet raakgelees oor keuses en wil dit graag met julle deel:

“Keuse is die mees kragtige wapen wat ons het. Alles wat ons doen of sê kom neer op keuse, want met elke keuse sluit jy vir jouself 'n hele klomp moontlikhede oop of toe. Op enige stadium van jou lewe kan jy die rigting van jou lewe verander met slegs een keuse.”

Tjokkies staan op die vooraand van die volgende 50 jaar. Ook aan die begin van 'n nuwe dekade, met baie uitdagings, veral omrede die nabye toekoms so onseker is. Tog vra ek die ouers om vir die skool te bid dat die regte keuses uitgeoefen sal word om hierdie

skool steeds na hoër hoogtes te lei.

KAALVOETKAFEE

As gevolg van 'n klompie logistieke uitdagings, was ons genoodsaak om na 'n nuwe “point of sale” verkoopprogram te kyk. Die nuwe program belooft om meer duidelikheid te verskaf rondom state en u kind se beskikbare saldo op die kaalvoetkafee-kaart. Die snoepie sal dus gesluit wees tot 12 Oktober om alle data in te lees en te verwerk.

INLIGTINGSBRIEF E-platform

Aangeheg by vandag is 'n belangrike inligtingsbrief rakende die e-platform. Ouers moet hulle asb. deeglik vergewis van die inhoud daarvan.

BELANGRIKE DATUMS OM TE ONTHOU:

3 Okt. Gr.1 “Drive through” Opedag (2021)

15 Okt. Toetsweek Gr. 4-7 (Formele assesserings). Sien aangehegte toetsrooster.

22 Okt. Gr. R Opedag (2021)

23 Okt. Skool sluit tot 2 Nov.

13 Nov. Klein Tjokkies Gholfdag

VERJAARSDAE

5 Okt. Hennie Greyling (Terreinbestuurder)

6 Okt. Mnr. Stefan Smit (Adjunkhoof)

TJOKKIE KOSKAS

Baie dankie aan elke ouer wat vir ons tot nou toe gehelp het met die bydra van kos, lugtyd, klere en wat ookal alles al gevra is om aan ons behoeftige ouers te skenk. Die behoefte onder ons Tjokkie-gemeenskap is groot en word net by die dag groter. Ons neem egter die vrymoedigheid om u weer te nader vir bydraes om die stoor (koskas) te vul vir toekomstige uitreikings. Indien u 'n bydrae kan maak, versoek ons dat dit soos die volgende indeling gedoen kan word. Die produkte is ingedeel in graadverband sodat ons iets van alles kan kry. U kan die produkte vir die klasonderwyser stuur.

Graad 1: Pasta, Mieliemeel, Koekmeel, Oatspaj

Graad 2: Suiker, Langlewe melk / Cremora, Koekies, Rys

Graad 3: Koffie / Tee, aanmaakkoeldrank, Sunlight liquid, Handy Andy

Graad 4: Sout, Kookolie, Soppoeier, Blikkieskos - groente / boeliebeef / tuna

Graad 5: Sout, Kookolie, Soppoeier, Blikkieskos - groente / boeliebeef / tuna

Tjokkies
50
JAAR 2020

Graad 6: Grondboontjebotter, Bovril/Marmite, Margarine

Graad 7: Tandepasta, Lyfseep, Lyfroom

U is ook welkom om 'n finansiële bydrae te maak deur 'n bedraggie in die skool se rekening in te betaal wat aangewend sal word om nie-bederfbare produkte mee aan te koop.

Verwysing: koskas

Ons ontvang skenkings tot **23 Oktober 2020**. Baie dankie.

Toetsrooster - Oktober 2020

Ouers en leerders moet asseblief kennis neem van die toetsrooster wat in 18 September se nuusbrief verskyn het.

Groep 1-leerders skryf vanaf 07:30 - 10:00. Groep 2-leerders skryf vanaf 10:30 - 13:00. Groep 3-leerders skryf ook in die aangewese tydgleuf saam met die bepaalde groep waarin hul ingedeel is.

Konsessieleerders sal steeds geakkommodeer word en sal hul assesserings by die remediërende onderwysers aflê. Ons doen 'n beroep op u as ouers om seker te maak dat u kind wel die formele assesserings kom aflê tydens die toetsweek.

Die skool sluit op Vrydag, 23 Oktober, en begin weer op Maandag, 2 November, vir die leerders van groep 2.

TELEFOONLYNE

Ons is bewus daarvan dat daar probleme is met ons landlyn by die skool. Die diensverskaffer is in kennis gestel en werk aan die probleem. Vir dringende gevalle stuur gerus 'n epos na office@tjokkies.co.za

SEKURITEIT

U is reeds vroeër ingelig dat Tjokkies ook deurgeloopt het onder misdaad gedurende die grendeltyd. Met die goedkeuring van die Beheerliggaam is geld bewillig om die sekuriteit weereens te verskerp, aangesien veiligheid

van ons leerders en personeel prioriteit is. Addisionele kamera's en "beams" is op die perseel aangebring. Dit beteken dat GEEN ouer, wat dalk nog in besit is van 'n heksleutel/remote, sonder toestemming meer die terrein na ure mag betree nie. Alle monitering word nou deur ons sekuriteitsfirma hanteer, wat beteken enige ongemagtigde besoekers sal 'n besoek deur die reaksie-eenheid ontvang. Koste vir die uitstuur van hierdie eenheid is duur en sal dus vir die ouer se rekening wees.

SPORT EN KULTUUR BUIE SKOOLVERBAND

Ons wil graag erkenning gee in ons Tjok-klets-koerant aan leerlinge wat gedurende die jaar buite skoolverband op Nasionale vlak presteer het. (SA's: Goud-, Silwer, of Bronsmedalje.) Indien daar wel sodanige prestasies was, stuur asseblief vir mnr. Stefan 'n epos na adjunk@tjokkies.co.za.

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

